



IN GEDIGTE, MUSIEK EN RYMKLETS KAN KAAPSE JONGMENSE IN 'N VEILIGE OMGEWING OOR HUL K'WELLINGS 'AFPAK'.

# Wat is 'piemp', my broe'?



My brein is vol ink  
 en my pen begin dink  
 want as ek aan 'n pen raak dan lyk dit Jesus  
 sien my  
 moenie vra wie ek is nie  
 ek is die digter  
 skryf in Afrikaans noem my die piemp digter ...

– Devon Conradie (16)

## piemp

HAT – ww. (het ge-) (*sl.*) verklik; verklap

*Die polisie hoop die beloning sal iemand na vore bring wat sal piemp waar die verkrachter hom bevind. Hy het gesê as ek hom piemp, gaan hy my doodmaak.*

**N** Groep leerders van die Sekondêre Skool Weltevrede in Wellington is die laaste twee jaar onder leiding van dr. Thérèse Hulme en met steun van die Breytenbach-sentrum deel van die Piemp-projek, Thérèse se inisiatief wat reeds sedert 2005 bestaan om digkuns onder jongmense te bevorder. Eerste Piemp-groep van Weltevrede het onlangs, onder leiding van Hunter Kennedy en Pierre Greeff van Die Heuwels Fantasties-faam, selfs 'n lied opgeneem.

“Piemp is 'n werkwoord wat verwys na praat en uitpraat,” sê Thérèse, 'n narratiewe terapeut. “Maar om woorde te vind is nie altyd eenvoudig nie. Die Piemp-

projek breek die reëls van wát gesê mag word en deur wíé.”

Sy wil jongmense aanmoedig om taal te gebruik en oor taboe-onderwerpe te praat. “Piemp beteken: Jy waag dit om te praat waar daar nog nie tevore gewaag is om te praat nie. Die woord veronderstel waagmoed.”

## Veilige ruimte

Marvin Loggenberg (18) is gevra om aan die Piemp-projek deel te neem nadat hy van sy skryfwerk met sy Afrikaansonderwyser, Ashlene Ayford, gedeel het.



Ek is op van dinge wat my seermaak  
ek neem my eie besluite so ek dink ek kanit deurmaak  
Ek word getreiter maar al  
wat ek doen is stilbly.

– Marvin Loggenberg (18)

Die kinders deel ’n vertrouensverhouding, want niemand gaan klik oor dinge wat hier gepiemp word nie. “Toe ek hier kom, het ek gehoor dat almal hier openlik met mekaar deel – hulle dieptes met mekaar,” sê Marvin. “Party probeer weghardloop van hulle omstandighede af, maar hier kan jy alles met mekaar deel.”

Die tieners wat hier sit, het ’n ander realiteit. Hier is dit nie die muse nie; net die waarheid wat elke dag besoek affê. Thérèse moedig hulle aan om te skryf oor dit wat hulle ken.

“Dit gaan eintlik daarvoor dat kinders bang is om te praat oor verkragting, want dit is ’n *topic* waarvoor niemand wil praat nie,” sê Raygen Dirkse. “En die bendes hier buitekant. Ons kinders is eintlik bang om daarvoor te praat. Ons is bang hulle gaan ons seermaak. Ons wil vir ander deur ’n *song* of ’n gedig sê: ‘Maar jy is dalk nie ál een wat daardeur gaan nie; daar is ander wat ook daardeur gaan.’ Dís waaroor ons skryf.”

Om die kinders aan te moedig om hulself in rymklets en gedigte uit te druk moes Thérèse eers ’n veilige ruimte skep. “Ek het baie streng reëls gemaak, want dit was die een ding wat ek agtergekom het: Die ondermyning van waagmoed gebeur deur lag. Om net maar te sê ‘kom, skryf’ – dit gebeur nie sommer net nie. Jy moet ’n hele kultuur van veiligheid en vertroue skep sodat taal ’n moontlikheid word.”



DR. THÉRÈSE HULME

## Rou en eerlik

Thérèse vertel: “Ek het 12 jaar gelede die eerste keer op ryk bronne van poësie in die lewe van Kaapse jongmense afgekom. Dié ontginning was die begin van die Piemp-projek. Met Piemp wou ek deur die jare vir jongmense ’n ervaring gee dat hulle elkeen iets het om te sê en dat ek dit wóú hoor.

“Daar is ’n poëtiese sensitiwiteit daar wat, as jy net wag en die regte klimaat skep, dan groei dit. Die poësie leef reeds hier; ek hoef niks te bring nie. Hier is klaar ’n aanvoeling en ’n plesier in die ritmiese kwaliteite van die poësie. Dit was of ek ’n aar raakgeboor het. Op die bottels winkelwater verwys hulle mos soms na *bottled at the source*. En dit is eintlik al wat ek doen: *I’m bottling at the source.*”

’n Bundel, *Piemp*, met werk van leerders was die



VAN LINKS IS, VOOR:  
ETHAN LIEBENBERG,  
ANNELINE ARRIES,  
FREDERIKA MOSES,  
KATELIN MORRIS,  
ANASTACIA JUTZEN  
EN MARVIN  
LOGGENBERG;  
AGTER: MATTHEW  
COETZEE, LEE-  
GRANT JANSEN,  
RAYGEN DIRKSE,  
LUKAS SCHÖN-  
FELDT, DEVON  
CONRADIE EN  
NURICK ALEXANDER.

resultaat van haar eerste Piemp-projek sowat agt jaar gelede. Thelom Masimila, wat nou vir *7de Laan* en *Suidooster* skryf, was in die eerste Piemp-groep. Toe hy die leerders van Weltevrede besoek het, het een van die leerders gesê hy wil ophou. Thelom se antwoord was: “Wat? Jy gaan nooit weer iemand kry wat so baie in jou en jou werk belangstel nie. Ek skryf nou vir *7de Laan* en *Suidooster* en dit het by ’n skooltafel begin.”

Dis opvallend hoe die kinders skryf soos hulle praat; sonder iemand wat met ’n rooi pen agter hulle staan en die werk redigeer. Dis rou en eerlik.

Wat is ’n gedig?

Wat is dit?

Is dit die klank van goeie woorde sonder tema of boodskap soos ’n wysie sonder gevoelens of die bymekaar gekrapte spul rymwoorde wat van julle tonge gly ennie ore interesseer maar wat van die getelde woorde wat ons daaglikse storie vertel?

– Luthando Mlindwa (18)

“Weltevrede se piempers se taal ontroer my, laat my lag en slaan my in die maag. Dié jongmense maak Afrikaans groot én ons wêreld ryker,” sê Thérèse. “Toe ek 18 maande gelede vir Lethan Fisher vra hoekom hy in Afrikaans skryf, het hy geantwoord: ‘Deesdae dink mense Afrikaans is dood, maar ek wil Afrikaans groot maak.’ Partykeer is Piemp net ’n plek waar jy kan droom dat iets kan gebeur in taal, deur taal, om taal en dat jy taal vir iets kan gebruik.”

In *Piemp* se flapteks het Ronelda Kamfer die belang van woorde in ’n gemeenskap soos hierdie beskryf: “Vir jongmense is die moeilikste dinge nie die geweld, die bendes en die hulpeloosheid nie – die moeilikste is die woorde. Die woorde om te sê wat fout is, die woorde om te beskryf wat seer is, die woorde om vrae te vra. Die moeilikste van alles is die tekort aan woorde.”

## Ondersteuningspan

Vir Thérèse was dit belangrik om onderwysers by die projek te betrek om dit volhoubaar te maak. Sy het werksessies vir onderwysers aangebied en uiteindelik het Ashlene Ayford en Marlize Fortuin saam met André

Semmary, hoof, die steunspan by Weltevrede geword.

“Dís die onsigbares wat die kweekhuise bou en water gee en dan groei die plantjies en dis hulle wat die dag-tot-dag-werk doen,” verduidelik sy. “Onderwysers is baie goed geposisioneer om ’n terapeutiese verskil in kinders se lewe te maak.”

Ashlene sê: “Ek dink ons kinders kan nou praat, of sê, wat hulle eintlik voel in die taal wat hulle praat, en die Afrikaans is vry. Hier kan hulle praat en skryf soos wat hulle praat en dit het dit vir hulle baie makliker gemaak.”

Marlize is genader om met die rymkletsers te werk. “Dis mos eintlik gedigte op ’n *beat*. Toe het hulle ons *mind ge-blow* met die dinge wat hulle deurmaak en hoe hulle dit op ’n wysie vir ons na vore bring. ’n Mens kyk nou met ander oë na die kinders. Jy benader hulle anders. Jy besef hulle omstandighede is anders as waaraan jy gewoon is. Almal is uniek en waardevol.”

“Jy besef nie wat die kinders deurmaak nie,” beaam Ashlene. Met Piemp het die verhouding tussen haar en die kinders baie verander. “Die kinders is meer op hul gemak om met jou te kom praat, wat voorheen nie sou gebeur het nie. Dit het my oë oopgemaak vir waaroor taal werklik gaan. En dan sê mense Afrikaans is dood! Nie as jy na my kinders se werk luister nie. Dit is allesbehalwe dood. Ek sê altyd vir hulle: ‘Onthou net een ding – as jy eendag self ’n ouer is, praat Afrikaans met jou kinders, dan gaan die taal nie uitsterf nie.’”

In Ashlene se Afrikaansklas het van die leerders Antjie Krog se gedig “Ma” behandel. Na aanleiding daarvan het hulle besluit die piempers moet hul eie ma-gedigte skryf.

Een van die hoogtepunte was hul optrede in September op die Breytenbach-sentrum se jaarlikse Tuin van Digters-fees. Die ander hoogtepunt was toe Hunter en Pierre betrokke geraak het.

“Ons het die piempers se verse wat hulle oor hul moeders geskryf het, gaan opneem,” vertel Hunter. “Musiek het ’n groot impak op my lewe gehad. Dit voel soos my plig om die bevrydende energie van skepping en kuns met mense te deel wat nie noodwendig elke dag blootstelling aan die proses het nie.

“Ek waardeer die leerders se bereidwilligheid om pynlik eerlik te wees. Daar is so baie mikrowonderwerke wat daai dag [met die opname] gebeur het. Dis lekker om te sien hoe hulle voor die mikrofoon uit hul skulp klim. Ek het geleer dat rou emosie nie ’n ouderdomsbeperring het nie.” ♣

TEKS EN FOTO’S DEUR MARCHELLE VAN ZYL

Kopiereg © Weltevrede-leerders.  
Vir meer inligting oor die Piemp-projek, kontak Thérèse Hulme by theresehulme14@gmail.com.